

Die uitknyp van die groeipunte verseker ook dat die aktiewe groei gestop word en dat die energie en voedingstowe eweredig verspei word. Die goue reël is dat hoe vroeër en harder daar uitgeknyp word, hoe stadiger en kleiner sal die nuwe groei wees. Die uitknyp van die groeipunte kan met die duim en wysvinger gedoen word maar indien daar te lank gewag word kan 'n skêr gebruik word. Dit is nie belangrik of die groeipunt met twee blare of vier blare verwyder word nie aangesien die effek dieselfde sal wees.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die sekondere botsels naaste aan die uitgeknipte punt eerste sal ontwikkel. Die rigting en vorm van die takke moet in gedagte gehou word sodat dit nie nodig is om ongewensde takke later uit te sny wat

onooglike merke sal laat nie. Die groeipunt word dus uitgeknyp net bokant die blaar of botsel wat in die rigtings wys waarin nuwe groei verlang word. Die totale groei van enige boom hang van die hoeveelheid groeipunte af en die uitknyp daarvan kan die groeipunte verdubbel. Die groeiproses, insluitende fyn wortelgroei, word hierdeur gestimuleer en dit lei tot 'n gesonder boom. Indien daar egter te lank gewag word om die nuwe groei uit te knyp, word die hout hard en neem nuwe groeipunte langer om te ontwikkel.

2. ONTBLARING

Die algehele ontblaring van Wildevye, met bladwisselende of semi-bladwisselende blare, is een van die beste tegnieke wat gebruik kan word om blare te verklein. Die beste tyd om dit toe te pas is in die laat Lente wanneer die blare reeds verhard het. Die voordeel van die algehele ontblaring is dat die bonsai se ouderdom kunsmatig met een jaar verhoog word vir elke groeiseisoen wat kunsmatig afgedwing word.

Die boom moet sterk en gesond wees en groei moet vooraf met 'n aktiewe bemestingsprogram gestimuleer word - met ander woorde elke tweede week. Bome moet verkieslik nie later as Desember ontblaar word nie. 'n Laat ontblaring kan in geval van 'n vroeë Winter daartoe lei dat die boom verswak word of self kan sterf omdat voldoende reserwes nie opgebou is vir oorwintering en Lentegroei nie. Swak of siek bome moet nie ontblaar word nie.

Die volgende metode van ontblaring kan gevolg word:

Die blare word nie teen die stam afgesny nie. 'n Klein steeltjie word gelaat. Die steeltjie sal later self afval wanneer die ogies begin uitswel.

Lang groeipunte moet ook heeltemal teruggesnoei word anders sal die groeipunte slegs verleng en die sluimerende ogies nie geaktiveer word nie.